

20. Kerkregtelik

20.1 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE TOEPASSING VAN KERKORDE, ARTIKEL 66 (Art.10)

- A. Dr. AH Grové stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2000:373, 1.

Besluit: Kennis geneem.

2. Vir kennisname

Die Deputate vir die toepassing van KO, artikel 66 is die afgelope drie jaar nie opgeroep nie en het dus niks om aan die Sinode te rapporteer nie. As gevolg daarvan het die Deputate nie vergader en gekonstitueer nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbeveling

Dat die Sinode weer twee Deputate met sekundi aanwys.

Besluit: Goedgekeur.

20.2 RAPPORT DEPUTATE VIR REGSAANGELEENTHEDE (Artt.82, 141, 160, 209)

- A. Prof. A le R du Plooy stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie : Kerkregtelike Sake 1.
- C. Ds. HJP de Beer rapporteer namens die Kommissie : Kerkregtelike Sake 1.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2000:375

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- 2.1 Verskeie kerke, Deputategroepe, die Administratiewe Buro en die Kuratorium het die Deputate om regsadvies genader. Dit het meegebring dat die Deputate dikwels moes vergader. Soms is advies deur individuele lede gegee of deur die optrede van 'n Kommissie van twee of drie lede van die Deputate. Die navrae en versoeke om advies het onder meer oor die volgende sake gehandel:

- Werkloosheidsversekering;
 - Gemeenregtelike hersiening van 'n besluit van 'n kerklike vergadering;
 - Skrywe van Ontvanger van Inkomste en moontlike vrystelling van kerke;
 - Verblyf- en werkspermitte vir buitelandse sendelinge;
 - Advies aan Kuratorium oor antwoorde en reaksies op skrywes van prof. MA Kruger en sy prokureur oor sake waarvoor in die Rapport van die Kuratorium gerapporteer word;
 - Aangesien die sake of probleme soos byvoorbeeld hierbo aangedui, afgehandel is, word nie verder hieroor gerapporteer nie.
 - Daar is egter ander sake wat heelwat tyd en aandag van die Deputate geveer het waarvoor verder gerapporteer word, byvoorbeeld die eiendomme by Hammanskraal, die bystand aan die Bestuur van die Buro, die saak oor die effek van die Arbeidswetgewing en die verhoë aan die Minister van Onderwys.
- 2.2 Met groot dank kan gemeld word dat die twee belangrike sake ten opsigte van die eiendomme by die voormalige Hammanskraalse Teologiese Skool wat tydens die Sinode van 2000 nog onafgehandel was en kommer veroorsaak het, nou finaal afgehandel is:
- 2.2.1 Die agterstallige en uitstaande huurgeld is deur die okkupoerders in terme van die huurkontrak vereffen;
- 2.2.2 Die verbeteringe op die terrein van die HTS, gewaardeer teen 'n bedrag van R1 500 000 is teen genoemde bedrag verkoop aan die Noordwes Provinsie (Dept. Gesondheid).
- 2.2.3 Die Deputate is in hierdie onderhandelinge besonder bygestaan en geadviseer deur mnr. AA Venter, 'n minister in die Noordwes Provinsie en lidmaat van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp.
- 2.3 Ten opsigte van die opdrag wat handel oor die implikasies van die Arbeidswetgewing op die verhouding tussen predikante en hul kerk(rade) asook t.o.v. professore en die Kuratorium, maak ons enkele opmerkings:
- 2.3.1 Die Deputate het verskeie kere daarvoor gehandel, en prof. A le R du Plooy het as lid van die Tussenkerklike Kommissie die aangeleentheid daar ter tafel gebring sodat die TKK kan oorweeg om moontlik gesamentlik die saak te ondersoek en op verdere optrede te besluit. Hierdie saak geniet tans die aandag van die TKK.
- 2.3.2 Die saak is ook op die Gereformeerde Konvent bespreek, aan die hand van 'n referaat wat prof. A le R du Plooy daarvoor by daardie geleentheid gelewer het. Die referaat word hierby aangeheg as Bylae en die Sinode sou kon oordeel of en hoe hulle dit aan die kerke ter inligting bekend wil maak.
- 2.3.3 Die Deputate vir Regsaangeleenthede is reeds deur sowel die Konvent as die TKK versoek om as adviseurs in die saak op te tree.
- 2.4 Op versoek van die Senaat TSP en die Kuratorium het die Deputate geadviseer oor die inhoud van die verhoë van die GKSA (deur die Kuratorium as verteenwoordigers van die Oorspronklike oprigters) aan die Minister van Onderwys t.o.v. die voorgestelde samesmelting tussen die PU vir CHO, die Universiteit van Noordwes en enkele ander tersiêre inrigtings. Die verhoë-dokument is aangeheg by die Rapport van die Kuratorium.
- 2.5 Op versoek en met medewete van die Bestuur van die Administratiewe Buro het die Regsdeputate betrokke geraak deur middel van adviese en optredes in belang

van die Administratiewe Buro wat as regspersoon namens die lede (=kerke in verband van die GKSA) moet funksioneer, toe dit bekend geword het dat daar waarskynlik probleme bestaan met betrekking tot 'n bepaalde belegging van 'n bedrag van R680 000 wat iemand namens die Bestuur van die Buro onderneem het om te doen.

U Deputate oordeel dat hieroor vertroulik en volledig aan die ledevergadering tydens die Sinode gerapporteer sal word, en dat alle nodige dokumentasie beskikbaar gestel sal word.

Besluit: Kennis geneem.

Die Ledevergadering gaan in kamera.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Sake waarvan die Ledevergadering met betrekking tot die Kommissiewerk kennis moet neem

1.1 Werkswyse

1.1.1 Die Kommissie het van die tersaaklike dokumentasie en finansiële state nagegaan.

1.1.2 Die Kommissie het lede van die Deputate Regsaangeleenthede en lede van die Bestuur van die Administratiewe Buro ontmoet.

1.1.3 Die Kommissie het met verskeie persone oor hierdie aangeleentheid gesprek gevoer.

1.1.4 Gesprek is ook met die eksterne ouditeur gevoer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bevinding

2.1 Die Kommissie kan nie met die inligting tot sy beskikking gestel 'n weloorwoë mening uitspreek of die regsproses moet voortgaan al dan nie.

2.2 Die Kommissie kan nie bepaal hoeveel van die belegging, indien enige, verhaal kan word nie.

2.3 Geen aanduiding kan gegee word wat die uiteindelijke koste van die regsproses kan beloop nie.

2.4 Die Kommissie is van oordeel dat die moontlikheid van 'n skikking deur die Regsdeputate te alle tye ernstig oorweeg moet word sodat versoening volgens Matt 5:25 bereik kan word.

2.5 Ten opsigte van 3.2.2 van die Deputate Regsaangeleenthede se Rapport moet die Sinode kennis neem dat Sinode 2000 nie 'n opdrag gegee het aan die Bestuur van die Administratiewe Buro om beleggingskundiges aan te wys nie (vgl Acta 2000:538, 3.3.1.1).

2.6 Lede van die Bestuur van die Administratiewe Buro wat die Kommissie ontmoet het, het erken dat hulle 'n oordeelsfout in die hantering van die belegging gemaak het en bestuursmatig foutief opgetree het. Die Kommissie het alle betrokkenes biddend aan die Here in sy genade opgedra.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

3.1 Regsproses

3.1.1 Ten opsigte van 3.1.1 van die Rapport van die Deputate Regsaangeleenthede se Rapport word aanbeveel dat die regsproses, wat die Bestuur van die Administratiewe Buro op aanbeveling van die Deputate Regsaangeleenthede teen br. PJ van der Walt begin het, in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro voortgaan.

3.1.2 Ten opsigte van 3.1.2 van die Rapport van die Deputate Regsaangeleenthede se Rapport word aanbeveel dat aan die Bestuur van die Administratiewe Buro die mandaat verleen word om in oorleg met die Deputate Regsaangeleenthede voortdurend te besin oor die wenslikheid om die regsproses, soos aanbeveel deur die Deputate Regsaangeleenthede, verder te voer of te skik en af te handel met in ag neming van 4 hierbo.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Die Bestuur van die Administratiewe Buro

3.2.1 'n Woord van ernstige vermaning word tot die Bestuur van die Administratiewe Buro ten opsigte van die belegging van R680 000 gerig, omdat hulle bestuursmatig nie korrek opgetree het nie (vgl 3.2.1 van die Rapport van die Deputate Regsaangeleenthede).

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 Na samesprekings met die eksterne ouditeur en personeel van die Administratiewe Buro is die Kommissie van mening dat die huidige interne beheerstelsels bevredigend is.

Besluit: Goedgekeur.

3.2.3 Die Kommissie verwys die Ledevergadering na die gewysigde Reglement vir verbeterde verslagdoening, beheermaatreëls, rapportering en deursigtigheid (vgl 3.3 van die Rapport van die Deputate Regsaangeleenthede).

Besluit: Goedgekeur.

3.2.4 Die Sinode doen 'n beroep op alle Kerke om uiters versigtig te wees ten opsigte van deelname en/of beleggings in twyfelagtige finansiële skemas (vgl HK Sondag 42, oor die agtste gebod).

Besluit: Goedgekeur.

3. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

3.1 Die Sinode bedank die professionele lede van die Deputate vir die diens wat aan die kerke gelewer is.

Besluit: Die Sinode 'n bedankingsbrief aan die onderskeie professionele lede van die Deputate sowel as mnr. AA Venter sal rig vir die besondere diens wat hulle aan die kerke gelewer het.

3.2 Ten opsigte van die saak oor die Arbeidswetgewing en die posisie van predikante en professore:

3.2.1 Die besluit van Sinode 2000:375, 3.3 word herbevestig;

3.2.2 Die aangehegte Bylae (soos gestel in 2.3.2 hierbo) word ter inligting en agtergrond aan kerke beskikbaar gestel;

3.2.3 Die Deputate ontvang opdrag om voort te gaan om aandag aan die saak te gee en om aan die volgende Sinode daarvoor te rapporteer.

Besluit:

1. Die Deputate hulle ook op hoogte bring van die betrokke Arbeidswetgewing en die posisie van die predikante van die GKSA in buurlande (Namibië, Zimbabwe, ens).
2. Die Deputate kerke deurentyd op hoogte sal bring van veranderings ten opsigte van toepaslike wetgewing deur die inligting van tyd tot tyd aan kerkrade deur te gee.
3. Die Sinode aanvaar die versoek van die Deputate om tydens die ledevergadering van die Administratiewe Buro aan hierdie Deputate geleentheid te gee om die lede volledig in te lig en aanbevelings te maak oor die saak genoem in 2.5 hierbo.
4. Die Sinode benoem weer Deputate vir Regsaangeleenthede met die volgende opdrag: om kerke en Deputate van die GKSA in dringende en noodsaaklike gevalle van regsadvies te bedien.

20.3 ADVIESVRAAG INSAKE DIE HANTERING VAN DIE BESWAARSKRIF VAN BR. WFA KIRSTEN TEEN BESLUIE VAN DIE SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE VAN 1996 (Artt.8, 105, 161, 170)

- A. Die Sinode gaan in kamera.
- B. Ds. BR Kingma stel die Adviesvraag.
- C. **Besluit:** Die Adviesvraag word verwys na die Kommissie : Kerkregtelike Sake 1.
- D. Ds. HJP de Beer rapporteer namens die Kommissie : Kerkregtelike Sake 1.

E. ADVIESVRAAG

Die Suidelike Partikuliere Sinode versoek die Nasionale Sinode om advies oor:

1. Die Beswaarskrif van br. WFA Kirsten
2. Die Rapport van die Regskommissie van die Suidelike Partikuliere Sinode 2002
3. Die implikasies van die status van ds. J Kirsten indien hy weer herstel word in sy amp

Motivering

Vind ter motivering ingesluit 'n uittreksel uit die notule van Suidelike Partikuliere Sinode waarin sowel die Beswaarskrif van br. Kirsten asook die Kommissierapport van die Regskommissie vervat is.

- A. Die Beswaarskrif word na die Regskommissie verwys vir ontvanklikheid.
- B. Ds. D Pansegrouw stel die Eerste Rapport van die Regskommissie.
- C. **Besluit:** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
- D. Br. J Kirsten stel die Beswaarskrif
- E. **Besluit:** Verwys na Regskommissie
- F. Ds. D Pansegrouw stel die Tweede Rapport van die Regskommissie
- G. Die Rapport word punt vir punt behandel en na elke beswaargrond afgehandel word, word geleentheid vir repliek deur br. J Kirsten gegee.

- H. Besluit: Die Kommissierapport word goedgekeur tot aan die einde van 3.1.3.2. Punt 3.2 word terugverwys na die Regskommissie.
- I. Ds. D Pansegrouw lewer die Derde Rapport van die Regskommissie

J. BESWAARSKRIF

Hierdie Beswaarskrif is 'n versoek tot hersiening van 'n besluit van die Suidelike Part. Sinode van 1996, kragtens KO, art.46

Dit bestaan uit twee dele: Indien die Eerste versoek (par. 2) slaag, verval die Tweede (par. 3)

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

Par. 51 van die handeling van die 18 de Suidelike Part. Sinode 1996 wat soos volg lui: Die Kommissierapport word goedgekeur.

Die Kommissierapport lui soos volg:

- 1.1 Die kommissie het onder andere met ds. Kirsten beraadslaag en beveel aan dat ds. Kirsten eervolle losmaking onder art.12 van die ampswerk as bedienaar van die Woord ontvang.
- 1.2 Die siekte van ds. Kirsten is onlosmaaklik verbonde aan die ampswerk van predikant en plaas hom dus nie in die posisie om in die afsienbare toekoms as predikant te kan dien nie.
- 2. U Kommissie beveel aan dat
 - 2.1 Ds. Kirsten , sy eggenote en kinders asook die Gereformeerde Kerk Mosselbaai aan die versorgende hand van onse Vader opgedra word.
Die Deputate Korrespondensie die kerkverband dienooreenkomstig in kennis stel.

2. Eerste versoek tot hersiening

Die vergadering herroep sy besluit deur nietigverklaring en verwys die saak terug na die Klassis Boland vir afhandeling in ooreenstemming met KO, artt.12 en 13.

Motivering

- 2.1 Die Part Sinode het buite sy bevoegdheid opgetree deur die saak te behandel.
KO, art.12 bepaal: "...waarvoor die Kerkraad en die Klassis moet oordeel met advies van die Deputate van die partikuliere sinode..." en
KO, art.13 sê: "...volgens die oordeel van die betrokke Kerkraad met goedkeuring van die Klassis en advies van die Deputate van die Partikuliere Sinode..."
Die Klassis moet sake omtrent KO, artt.12 en 13 hanteer en afhandel.
- 2.2 Die saak is deur die Part. Sinode op onordelike wyse strydig met die bepalings van KO, art.30 ter tafel geneem. Die classis contracta wat die saak moes afhandel, het vergader in afwesigheid van die Deputate van die Part. Sinode. Hierop het die Deputate vir korrespondensie van die Klassis en die Part. Sinode ooreengekom om die saak na die Part. Sinode te verwys vir afhandeling. Die saak is nie deur die Klassis na die Part. Sinode verwys nie en dus onordelik op die tafel van die Part. Sinode.
- 2.3 Die Part. Sinode het die saak weliswaar onbedoeld maar steeds strydig met KO, artt.30, 36, 49 en 84 - afgehandel in plaas van terug te verwys na die Klassis. Hieruit is dit duidelik dat nie die Part. Sinode nie, maar die Klassis die saak moes hanteer en afhandel.

3. Tweede versoek (indien die Eerste nie toegegee word nie).

Die vergadering herroep sy besluit dat ds. Kirsten volgens KO, art.12 oorgaan na 'n ander staat van die lewe, en laat hom toe om kragtens KO, art.13 te emeriteer.

Motivering

- 3.1 Ds. Kirsten se aanvanklike versoek om kragtens KO, art.12 losgemaak te word, was op advies van dr. PW Bingle.
- 3.2 Die Kerkraad van Mosselbaai sowel as die classis contracta sowel as die Eerste Kommissie van die Part. Sinode het aanbeveel dat ds. Kirsten volgens KO, art.13 emeriteer.
- 3.3 Geen argumente ooreenkomstig die bepalings van art.12 is aangevoer deur die Tweede ad hoc Kommissie van die Part. Sinode nie. Inteendeel, die Tweede Kommissie sê: “Die siekte van ds. Kirsten is onlosmaaklik verbonde aan die ampswerk van predikant, en plaas hom dus nie in die posisie om in die afsienbare tyd as predikant te kan dien nie”. Dis in presiese ooreenstemming met die woorde en bedoeling van KO, art.13 wat lui: “As 'n bedienaar van die Woord onbekwaam word vir die uitoefening van sy diens weens ouderdom, siekte of andersins, behou hy die eer en naam van 'n bedienaar van die Woord...”
- 3.4 Beide die Kerkraad van Mosselbaai en die Eerste Kommissie van die Part. Sinode het getuig dat ds. Kirsten nog die inwendige roeping tot bedienaar van die Woord ervaar.
- 3.5 KO, art.12 handel oor die ordelike diensbeëindiging van 'n predikant wat tot 'n ander staat van die lewe wil oorgaan.
KO, art.13 handel spesifiek oor emeritering waar 'n bedienaar van die Woord nie met sy ampswerk kan voortgaan nie.
- 3.6 Die besluit van die Part. Sinode om 'n suikersiektelyer met major depressie in die ope arbeidsmark uit te stoot met die woorde: “ds. Kirsten, sy eggenote en kinders ...aan die sorgsame hand van Vader opgedra word” klink kennelik soos in Jak 2:16: “Gaan heen in vrede, word warm, word versadig”. (Dat onse troue Vader wel versorg het, is nie aan die optrede van die part sinode te danke nie.)
- 3.7 Met dié onbarmhartige besluit van die Part. Sinode, is ds. Kirsten hom van selfs alle inkomste met pastorale hulpdiens en prediking kon verkry, ontnem. Dit is tog immers waarvoor hy opgelei en diensbaar gestel is kragtens KO, artt.3 en 4.
- 3.8 Ook br. Kirsten se lewe sedert die besluit van die Part. Sinode getuig van sy troue, roepingsbewuste arbeid in kerkisasie, as ouderling, diaken en in voorgaan in Bybelstudies in verskillende kerke sedertdien. Dit getuig van sy onbaatsugtige gesindheid, ondanks terugslae, en lang tye wat hy soms van sy gesin geskei was weens werkgeleentheid ver van huis.

Verdere toeligting

1. Br. Kirsten het weer in 1999 by die Suidelike Part. Sinode aansoek gedoen om tot die bediening terug te keer, maar dit is geweier. Psigometriese toetse het aangedui dat hy in elk geval waarskynlik weer sielkundige probleme sal ontwikkel sou hy voltyds predikant wees.
2. Br. Kirsten beskik oor besondere didaktiese gawes wat hom geskik maak om op deelydse basis in 'n soort tentmakerbediening as bedienaar van die Woord te kan

optree. Waar hy tans in die platteland woon en werk waar die bedieningsnood groot is en toeneem, kan hy veel doeltreffer in hierdie nood help.

3. Br. Kirsten maak geen aanspraak op finansiële hulp uit die EPWWF of die Pensioenfonds vir predikante indien hy emeritus sou word nie. 'n Wyse van bydrae tot sodanige fonds en moontlike voordele daaruit, sowel as 'n mediese fonds, kan egter mettertyd beding word indien wenslik en toepaslik.

WFA Kirsten

Gereformeerde Kerk Pretoria-Noord.

K. EERSTE RAPPORT VAN DIE REGSKOMMISSIE (SUIDELIKE PART. SINODE)

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van die Beswaarskrif van Br. WFA Kirsten teen 'n besluit van die Suidelike Part. Sinode 1996.

2. Die Part Sinode neem kennis

Die Kommissie het die Beswaarskrif beoordeel.

3. Die Part. Sinode beoordeel

Met die beoordeling van die Beswaarskrif het die Regskommissie die volgende bevind

3.1 Die Beswaarskrif is teen 'n bestaande Part. Sinodebesluit.

3.2 Die Beswaarskrif stel die beswaargrond in eie woorde.

3.3 In die Beswaarskrif word die betrokke besluit waarteen beswaar gemaak is, duidelik aangehaal.

4. Aanbeveling

4.1 Die Part. Sinode verklaar die Beswaarskrif ontvanklik.

4.2 Die Part. Sinode verwys die Beswaarskrif vir beoordeling na die Regskommissie.

L. TWEEDE RAPPORT VAN DIE REGSKOMMISSIE (SUIDELIKE PART. SINODE)

1. Opdrag

Om die Beswaarskrif van br. WFA Kirsten teen die besluit van die Suidelike Partikuliere Sinode 1996 te beoordeel en die vergadering daarvoor te adviseer.

2. Beredenering

2.1 Ten opsigte van sy Eerste versoek stel die broeder die volgende beswaargrond:

2.1.1 Dat die Part. Sinode buite sy bevoegdheid opgetree het deur die saak te behandel. Die broeder oordeel dat volgens KO, artt.12 en 13 die Klassis die saak moes hanteer en afhandel.

2.1.1.1 Bevinding

Die Part. Sinode het nie buite sy bevoegdheid opgetree nie.

2.1.1.2 Motivering

Die classis contracta kon juis nie die saak afhandel nie omdat KO, artt.12 en 13 vereis dat die advies van die Part. Sinode ingewin moet word. Die Part. Sinode hanteer die toelating tot die bediening en het ook inspraak in die verlating van die bediening.

2.1.1.3 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

3.1.2 Dat die Part. Sinode die saak op onordelike wyse strydig met die bepalings van KO, art.30 ter tafel geneem het. Die broeder beweer dat die saak nie deur die Klassis na die Part. Sinode verwys is nie en dus onordelik op die tafel gekom het.

3.1.2.1 Bevinding

Die Part. Sinode het nie op onordelike wyse strydig die bepalings van KO, art.30 opgetree nie.

3.1.2.2 Motivering

KO, artt.12 en 13 bepaal self dat die Part. Sinode betrokke is by besluite aangaande hierdie artikels. Die broeder se stelling dat die aansoek nie deur die Klassis na die Part. Sinode verwys is nie, is foutief aangesien die classis contracta die saak self op die Agenda geplaas het met 'n skrywe gedateer 26 Oktober 1996.

3.1.2.3 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

3.1.3 Dat die Part. Sinode die saak strydig KO, artt.30, 36, 49 en 84 afgehandel het in plaas van terug te verwys na die Klassis.

3.1.3.1 Bevinding

Hierdie is slegs 'n stelling sonder begroning met 'n foutiewe afleiding.

3.1.3.2 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

3.2 Die Tweede versoek van die broeder kom daarop neer dat beswaar aangeteken word omdat die losmaking op grond van KO, art.12 en nie KO, art.13 hanteer is nie. Die broeder stel agt beswaargrondde genummer 3.1 tot 3.8.

3.2.1 Die broeder se beswaargrond 3.1

3.2.1.1 Bevinding

Hierdie begroning is nie ter sake nie.

3.2.1.2 Motivering

Hierdie is 'n stelling wat nie gewig dra by die argument nie.

3.2.1.3 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

3.2.2 Die broeder se beswaargrond 3.2

3.2.2.1 Bevinding

Hierdie beswaargrond is feitelik korrek. Regskrenking word egter nie aangetoon nie.

3.2.2.2 Motivering

Daar word nie aangetoon dat die aanbevelings van die Kerkraad en classis contracta die Part. Sinode die reg ontnem om tot 'n ander besluit te kom nie.

3.2.2.3 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

3.2.3 Die broeder se beswaargrond 3.3

3.2.3.1 Bevinding

Hierdie beswaargrond is foutief.

3.2.3.2 Motivering

Die ad hoc Kommissie van die Part. Sinode het wel gronde vir hulle besluit gegee, soos die broeder self aandui. Die broeder bly ook in gebreke om aan te toon dat die gronde wat verskaf word nie van toepassing kan wees op 'n KO, art.12 aansoek nie.

Voorts is die argument of gronde van die ad hoc Kommissie juis nie in presiese ooreenstemming met die woorde en bedoeling van KO, art.13 is nie.

3.2.3.3 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

3.2.4 Die broeder se beswaargrond 3.4

3.2.4.1 Bevinding

Hierdie stelling is feitelik korrek. Die afleiding wat gemaak word is egter foutief.

3.2.4.2 Motivering

Die feit dat die Kerkraad en Eerste Kommissie van die Part. Sinode getuig van ds. Kirsten se inwendige roeping beteken nie noodwendig dat die Part. Sinode nie tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie. Alhoewel dit nie genotuleer staan nie, is dit nie 'n onredelike afleiding dat die Part. Sinode uiteindelik anders geoordeel het nie. Die broeder bly in gebreke om aan te toon dat hulle nie hiertoe die reg gehad het nie.

3.2.4.3 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

3.2.5 Die broeder se beswaargrond 3.5

3.2.5.1 Bevinding

Hierdie is slegs feitelike stellings wat niks tot die begroning bydra nie.

3.2.5.2 Aanbeveling

Die beswaargrond slaag nie op hierdie grond nie.

3.2.6 Die broeder se beswaargrond 3.6 en 3.7

3.2.6.1 Bevinding

Hierdie kras aanklagte dra niks by tot die begroning van die beswaar nie.

3.2.6.2 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

3.2.7 Die broeder se beswaargrond 3.8

3.2.7.1 Bevinding

Daar word kennis geneem van hierdie getuienis. Die broeder self getuig egter teenoor 'n Kommissie ook dat hy nie werklik kans sien vir die volle omvang van die bediening nie.

3.2.7.2 Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie op hierdie grond nie.

4. Finale aanbeveling

4.1 Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

M. DERDE RAPPORT VAN DIE REGSKOMMISSIE (SUIDELIKE PART. SINODE)

1. Opdrag

Om die Part. Sinode te adviseer oor 3.2 van die Regskommissie se Tweede Rapport en die Tweede Versoek van die Beswaarskrif.

2. Die Partikuliere Sinode besluit om die Nasionale Sinode te versoek om:

2.1 Advies oor die Beswaarskrif

2.2 Advies oor die Regskommissierapport van die Suidelike Partikuliere Sinode 2002.

2.3 Advies oor die implikasies van die status van br. Kirsten indien hy weer herstel word in sy amp.

Besluit: Goedgekeur.

F. KOMMISSIERAPPORT

1. Opdrag

Adviesvraag insake die hantering van die Beswaarskrif van br. WFA Kirsten teen besluite van die Suidelike Partikuliere Sinode van 1996

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake ter kennisname

Die Kommissie het behalwe die stukke vervat in die agenda, verdere toeligting ontvang by monde van die toeligers van die Suidelike Part. Sinode, di. BR Kingma en D Pansegrouw, sowel as 'n skriftelike voorlegging van ds. H Reinecke. Prof. A le R du Plooy het as adviseur opgetree. Verdere toeligting is van drr. PW Bingle en MJ du Plessis ontvang.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beredenering

Die Suidelike Part. Sinode verlang advies rakende die volgende punte:

- a) Advies oor die Beswaarskrif.
- b) Advies oor die Tweede Regskommissierapport van Suidelike Part. Sinode 2002
- c) Advies oor die implikasies van die status van br. J Kirsten indien hy weer herstel word in sy amp.

Uit die stukke en Bylaes soos deur die Part. Sinode ingedien, blyk dit dat die Sinode nie die proses van behandeling van die Beswaarskrif teen die besluit van die Suidelike Part. Sinode 1996 op sy vergadering van November 2002 afgehandel het nie (die vergadering staak besluitneming by 2.2.4 van die Tweede Rapport van die Regskommissie – skriftelike voorlegging ds. H Reinecke). Die proses van uitspraak oor die Beswaarskrif is dus nog nie afgehandel nie deurdat die Part. Sinode hom nog nie oor 2.2.4.1 tot 2.2.7.2 van die Tweede Rapport van die Regskommissie uitgespreek het nie.

Besluit: Kennis geneem.

4. Bevinding

Die behandeling van die betrokke saak volgens KO, art.30 is nog nie deur die Suidelike Part. Sinode afgehandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

5. Aanbeveling

Die Nasionale Sinode adviseer die Suidelike Part. Sinode soos volg:

- 5.1 Dat die Part Sinode die Beswaarskrif volgens KO, art.30 so spoedig moontlik in behandeling neem en afhandel.
- 5.2 Dat die Part. Sinode die Tweede Rapport van die Regskommissie (November 2002) so spoedig moontlik volledig afhandel.
- 5.3 Dat die Part. Sinode in hierdie proses die nodige advies waar nodig van die Deputate vir Regsaangeleenthede sal verkry.

Besluit: Goedgekeur.

20.4 BESWAARSKRIF VAN PARTIKULIERE SINODE PRETORIA TEEN 'N BESLUIT VAN DIE NASIONALE SINODE 1964 OOR DIE REDAKSIONELE WYSIGING VAN KO, ARTIKEL 57 (Artt.8, 106, 162)

- A. Ds. SC Vorster stel die Beswaarskrif.
- B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie : Kerkregtelike Sake 1.
- C. Ds. HJP de Beer rapporteer namens die Kommissie : Kerkregtelike Sake 1

D. BESWAARSKRIF

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

Die beswaar is gerig teen die besluit van die Nasionale Sinode 1964 (Acta 1964:72-73, G en H) wat die woord in KO, art.57 “aanbied” tot “aanvra” gewysig het.

Huidige bewoording van KO, art.57 is:

“Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde die doop vir hulle kinders aanvra”.

2. Beswaargrond 1: Historiese agtergrond van KO, art.57

Die wysiging van “aanbied” na “aanvra” hou nie genoegvolle rekening met die historiese agtergrond van hierdie artikel nie en ontnem so die ouers van die geleentheid om hulle kinders vir doop aan te bied (“presenteere” – Dordtse Kerkorde).

- 2.1 Kerkorde, art.57 vind sy oorsprong in die sterk anti-Roomse art.57 van die Dordtse Kerkorde wat 'n sterk reformatoriese beginsel teenoor 'n spesifieke Roomse gebruik rakende die doop gestel het.
- 2.2 Die Roomse Kerk het uitgegaan van die teenstelling “natuur en genade”. Die ouers (natuur) is volgens Rome die oorsaak dat 'n kind in sonde ontvang en gebore word en daarom kan hulle nie hulle kinders ten doop hou nie (“presenteere”).
- 2.3 Hierdie siening het gevolglik oorsprong gegee aan die praktyk dat iemand anders wat nie deur die “natuur” aan die kind verbind is nie, vir die ouers sal instaan en so die kind van die “genade” sou deelmaak. Hierdie reëling het dan die praktyk van die sogenaamde “geestelike ouers of doopgetuies” tot gevolg gehad.
- 2.4 Hierdie praktyk van “geestelike ouers of doopgetuies” word gevolglik deur art.57 van die Dordtse Kerkorde tot 'n einde gebring deur te reël dat nie die “geestelike ouers of doopgetuies” 'n kind vir die doop voorhou (“presenteere”) nie, maar wel die betrokke vader en/of moeder. Die ouers moet self die verbondsbeloftes vir hulle rekening neem en nie iemand in hulle plek nie.
- 2.5 Die formulering voor 1964 het hieraan uitvoering gegee deur die reëling dat ouers of voogde hulle kinders vir doop aanbied.
- 2.6 Die Sinode van die Gereformeerde Kerke in SA het in 1964 egter van die wese van die oorspronklike betekenis afgesien deur “aanbied” met “aanvra” te vervang.

3. Beswaargrond 2: Prinsipiële aantasting van die opdrag van die ouer oor die doop van hulle kinders

Die wysiging van “aanbied” na “aanvra”, het hierdie artikel 'n formeel kerklike institutêre karakter gegee in plaas van die koninkryksperspektief dat ouers verbondskinders vir doop aanbied.

- 3.1 Die doop is 'n sakrament wat die Here Jesus Christus met 'n sterk bevelskarakter ingestel het (Matt 28:18 e.v.; HK, Sondag 27) en is dus duidelik 'n opdrag van God.
- 3.2 In die “aanbied” (soos voor 1964) staan die mondige, selfstandige gelowige keuse van die ouers in hulle verbondsrelasie op die voorgrond, terwyl die “aanvra” die Kerkraad formeel tot “tussenganger” verhef en so die ouer in die pad staan om sy kind vir doop te “presenteere” (57, Dordtse KO).

4. Versoek

Die Partikuliere Sinode Pretoria versoek dat die Nasionale Sinode die redaksionele wysiging van 1964 van KO, art.57 herroep ten gunste van die oorspronklike redaksie naamlik, dat Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde hulle kinders vir die doop aanbied.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Beredenering

Die Part. Sinode Pretoria dien 'n Gravamen in teen die redaksionele wysiging van KO, art.57 deur die Nasionale Sinode van 1964. Hierdie wysiging van “aanbied” tot “aanvra” is aangebring, so word aangevoer, sonder om genoegsame rekening te hou met die historiese agtergrond (die Dordtse Kerkorde) van die artikel. Die Gravamen verskaf 'n duidelike uiteensetting van die motivering vir die betrokke redaksie van die artikel voor 1964 (Beswaargrond 1) deur te verwys na die historiese agtergrond van Dordtse Kerkorde art.57.

In Beswaargrond 2 word verdere motivering vir die oorspronklike redaksie verskaf deur aan te dui dat die wysiging tender na 'n meer “kerklike institutêre” karakter.

Besluit: Kennis geneem.

2. Bevinding

Die spesifieke wysiging van KO, art.57 deur die Nasionale Sinode in 1964 van “aanbied” na “aanvra” verskuif die inisiële verantwoordelikheid van die ouer t.o.v. die sakrament van die doop na die Kerkraad.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbeveling

Die Nasionale Sinode besluit soos volg:

- 3.1 Die Gravamen van Part. Sinode Pretoria teen die wysiging van “aanbied” na “aanvra” slaag.

Motivering

3.1.1 Die verandering deur Sinode 1964 negeer sowel die historiese agtergrond en problematiek rondom artikel 57 KO as die prinsipiële grond van die artikel wat die verantwoordelikheid van die ouer wil aanwys.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 Die wysiging word aan die Deputate vir die uitgee van die Kerkordeboekie deurgegee.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 Die betrokke Deputate vir Samespreking met Sinodes Middellande en Soutpansberg neem hierdie saak op om die verandering van KO, art.57 in oorleg met die twee Sinodes te finaliseer. Die Deputate rapporteer terug aan die Sinode 2006. Aandag moet ook gegee word aan ander soortgelyke veranderings aan die Kerkorde (bv. KO, artt.56 en 61).

Besluit: Goedgekeur.

20.5 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE PRETORIA RAKENDE LIDMATE WAT LANGER AS DRIE MAANDE IN DIE BUITELAND IS (Artt.8, 78, 163)

A. Ds. PW Kurpershoek stel die Beskrywingspunt.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Kerkregtelik Sake 1.

C. Ds. HJP de Beer rapporteer namens die Kommissie : Kerkregtelik Sake 1.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Sinode stel die volgende werkswyse insake die kerklike versorging van lidmate wat vir periodes van langer as drie maande na die buiteland vertrek.

1.1 Wanneer 'n lidmaat(e) vir 'n tydperk van langer as drie maande na 'n land vertrek waar 'n kerkgemeenskap is met wie die GKSA ekumeniese bande het (korrespondensie onderhou), word – na gelang van die situasie 'n *attestaat* of *reisattestaat* saamgegee.

1.2 Wanneer 'n lidmaat(e) vir 'n tydperk van langer as drie maande na 'n land vertrek waar 'n kerkgemeenskap is met wie die GKSA ekumeniese bande het (korrespondensie onderhou), word 'n *voorstellingsbrief* (vergelyk konsep in Bylae A asook Engelse vertaling in Bylae B) saamgegee.

1. Motivering

1.1 Dit gebeur al meer dat lidmate vir korter of langer periodes in die buiteland gaan woon en werk. Veral onder jonger lidmate het dit amper al die gebruik geword om vir ten minste een jaar na die buiteland te gaan. Die vraag bly voortdurend hoe die voortgaande kerklike inskakeling van sodanige lidmate hanteer moet word.

Byvoorbeeld: *Waar is hulle lidmate?*

Kan hulle by (tydelike, terugkeer na Suid-Afrika) net so deel word van plaaslike gemeente en/of Nagmaal vier?

- 1.2 Sinode (1973, artikels 21, 32, 286) het – in lyn met KO, artikel 39 – aandag gegee aan die kerklike bearbeiding van lidmate in die buiteland en toe besluit dat Klassis Germiston die verantwoordelike Klassis is om 'n Kerkraad aan te wys om lidmate in die buiteland te bedien.
- 1.3 Op Sinode 1976 (artikel 144) het Klassis Germiston egter gerapporteer dat hulle die Gereformeerde Kerk Kemptonpark-Noord aangewys het, maar dat Kemptonpark-Noord aangedui het dat dit 'n praktiese onmoontlikheid is om die saak sodanig te hanteer. Klassis Germiston het ook tydens Sinode 1976 gerapporteer dat hulle hiermee instem en het gevolglik versoek dat hulle van die opdrag onthef word – wat Sinode 1976 goedgekeur het.
- 1.4 Die praktiese implikasie van die besluit van Sinode 1976 is dus dat geen voorsiening gemaak is vir die bediening van lidmate in die buiteland nie.
- 1.5 Daar word – in lyn met KO, artt.30 en 82 – in beginsel aanvaar dat alle sake rondom lidmaatskap die verantwoordelikheid van die plaaslike kerk is (vgl Acta 1985:562, art.127:3.10.1).
- 1.6 In lyn met KO, artt.30 en 86 word egter aanvaar dat 'n praktiese maatreël deur die Sinode daargestel kan word deur hierdie riglyne en voorgestelde vorms goed te keur. Sodoende kan die huidige praktyk voortgesit word om sover as moontlik eenvormig te attesteer en word deurdagte riglyne vir plaaslike kerke beskikbaar gestel (vgl Acta 1985:562, art.127:3.10.3).
- 1.7 In aansluiting by die praktyk van konsep-attestaatvorms in Afrikaans – soos goedgekeur deur die Sinode – word 'n konsepvorm vir 'n *voorstellingsbrief* ook voorgelê om die praktyk van eenvormigheid sover moontlik te handhaaf.
- 1.8 In aansluiting by die opdrag aan Deputate om die Kerkordeboekie in Engels te vertaal (vgl Acta 2000:480, 3) – word 'n Engelse konsep van die *voorstellingsbrief* ook voorgelê.

2 Begroning van voorgestelde werkswyse

- 2.1 Aangesien 'n kerk 'n gemeenskap van gelowiges is (NGB, art.27) en alle gelowiges verplig is om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig (NGB, art.28), is dit in beginsel onmoontlik om deel te wees van 'n kerk in een gebied/land en kilometers verder in 'n ander gebied/land te woon en leef.
- 2.2 Aangesien deelwees van 'n kerk veronderstel dat gemeenskap met ander gelowiges konkreet uitgeleef word, terwyl herderlike bediening en toesig ervaar word (NGB, art.28), is dit prakties onmoontlik – en onverantwoordelik van 'n Kerkraad! – dat 'n lidmaat wat in die buiteland woon en werk steeds deel bly van 'n kerk in Suid-Afrika. 'n Gelowige het juis die verantwoordelikheid om in die omgewing waar hy woon die gemeenskap van die gelowiges op te soek.
- 2.3 Waar 'n attestaat in wese 'n getuienis is aangaande die leer en lewe van 'n gelowige (DKO, art.82), kan net vir 'n beperkte tyd nadat die lidmaat vanuit die gemeenskap vertrek het, 'n attestaat saamgegee word. Ter wille van goeie orde het Sinode 1916 'n tydperk van drie maande as riglyn gestel (vgl Acta 1916:27).
- 2.4 In die gebruik en saamgee van 'n reisattestaat moet steeds die wesentlike doel en betekenis van 'n reisattestaat ingedagte gehou word, naamlik ... *dat dit gegee word slegs in die geval van 'n persoon wat vir 'n bepaalde tydperk uit sy gemeente*

afwesig sal wees na meer “onbekende” gemeentes ... (Direk aangehaal uit Acta 1970:463, art.185:4, beklemtoning bygevoeg).

- 2.5 Indien 'n lidmaat na 'n land vertrek waarin daar geen kerkgemeenskap is met wie die GKSA ekumeniese bande het (korrespondensie onderhou) nie, veronderstel die huidige situasie dat sodanige gelowige plaaslike gemeenskap met die kerk beëindig. Die implikasie is egter dat so 'n persoon buite die kerk te staan kom, al wil hy of sy dit nie. Om sodanige lidmaat egter met deernis te begelei en met verantwoordelikheid by te staan, word vir hierdie spesifieke situasie ordelik voorsiening gemaak deur middel van 'n *voorstellingsbrief*.
- 2.6 Die verskil tussen 'n *attestaat* en 'n *voorstellingsbrief* is dat met 'n *voorstellingsbrief* die Kerkraad nie die lidmaat(e) – op hulle versoek – aan die sorg van 'n ander Kerkraad oordra nie, maar net formeel getuienis gee oor die huidige situasie en 'n versoek rig om die lidmaat(e) Christelik te ontvang. Die Kerkraad neem dus nie verantwoordelikheid vir die lidmaat(e) se keuse oor inskakeling nie.
- 2.7 Wanneer 'n lidmaat(e) 'n *voorstellingsbrief* saamgegee word, word sy/haar deelwees van die plaaslike kerk waarvan hy/sy deel was, beëindig en neem so 'n lidmaat(e) self verantwoordelikheid vir sy roeping om deel te word van 'n Christelike gemeenskap.
- 2.8 Die saamgee van 'n *voorstellingsbrief* veronderstel egter nie dat die Kerkraad van alle verantwoordelikheid ten opsigte van die versorging van sodanige lidmaat onthef is nie. Juis in die oorgangstyd kan – en behoort! – die Kerkraad die lidmaat by te staan en leiding te bied. Daarom word spesifiek ook enkele praktiese riglyne en reëlins agter op die *voorstellingsbrief* aangebring.
- 2.9 Indien 'n lidmaat in 'n omgewing kom waarbinne hy nie met verantwoording by 'n Christelike gemeenskap kan inskakel nie, berus die onus op hom om binne drie maande weer kontak op te neem met die Kerkraad waar hy lidmaat was, om die spesifieke situasie uiteen te sit en leiding en hulp te versoek. In sodanige situasie behoort die plaaslike Kerkraad en die betrokke lidmaat – ter wille van voortdurende pastorale sorg en bediening – 'n praktiese, maar ook verantwoorde, wyse van bediening vir die interim-periode onderling te reël.
- 2.10 Wanneer 'n lidmaat(e) vir 'n tussenperiode of permanent na Suid-Afrika terugkeer, kan die *voorstellingsbrief* wat saamgegee is, weer voorgelê word – saam met getuienis van die kerk waar so 'n persoon in die buiteland by ingeskakel het. Die inskakeling by die plaaslike kerk geskied egter verder soos met enige persoon wat wil inskakel in 'n gemeente, naamlik die pad van KO, art.61.
- 2.11 Hierdie werkswyse het nie ten doel om die goeie ondersteuning en kontak met lidmate wat na die buiteland vertrek, te beëindig nie. Daar kan steeds met lidmate wat vertrek het, op verskillende maniere kontak gehou word. Die mate waarin kontak gehou word sal juis wanneer die betrokke gelowiges weer na Suid-Afrika terugkeer, die proses van opname wesentlik beïnvloed.

E. KOMMISSIERAPPORT

Die Kommissie beveel aan dat die Nasionale Sinode soos volg besluit:

- 5.1 Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt (1).
- 5.2 Daar word kennis geneem van die motivering (2).

- 5.3 Die betrokke voorstellingsbriewe (soos gewysig) word goedgekeur (Bylae A1 en A2) en verwys na die Administratiewe Buro vir vertaling in ter sake tale.
- 5.4 Die kerke van die Gereformeerde Kerke in SA word met voorbeelde van die voorstellingsbriewe sowel as die “Begronding van die voorgestelde werkswyse” soos vervat in die Beskrywingspunt, voorsien (3).

Besluit: Goedgekeur.

BYLAE A1: Konsepvorm vir 'n voorstellingsbrief'

(EMBLEM)
KERKLIKE VOORSTELLINGSBRIEF

Datum: _____

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk _____ in
Suid-Afrika verklaar hiermee dat:

_____ gebore _____

_____ gebore _____

(‘n) belydende lidmaat (e) van hierdie gemeente is en toegelaat word om deel te neem
aan die Here se Sakramente (Doop en Nagmaal), en dat

_____ gebore _____

_____ gebore _____

_____ gebore _____

_____ gebore _____

(‘n) dooplidmaat(e) van hierdie gemeente is.

Oor die leer en lewe van die lidmaat(e) word soos volg getuig:

Genoemde Kerkraad versoek enige kerkgemeenskap wat die Heilige Skrif, naamlik die
Bybel, as Woord van God aanvaar en die sakramente in lyn met die instelling van Jesus
Christus bedien en kerklike tug toepas, om bogenoemde lidmaat/lidmate in hul
gemeenskap te aanvaar.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bely die volgende: Die Apostoliese Geloofs-
belydenis, Die Geloofsbelydenis van Nicea, Die Geloofsbelydenis van Atanasius, Die
Nederlandse Geloofsbelydenis, Die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

Namens die genoemde Kerkraad

VOORSITTER

SKRIBA

¹ Oorgeneem en vertaal uit *Bos, F.L. 1950. De orde van de kerk, toegelicht met besluiten uit vorigen eeuwen. Bladsy 326-327.*

BYLAE A2: Konsepvorm vir 'n voorstellingsbrief: Opmerkings op rugkant

Praktiese rigtingwysers vir lidmaat(e):

Geliefde _____

- As gelowige kind(ers) van die Here het u die verantwoordelikheid om by 'n plaaslike Christelike gemeenskap in te skakel.
- Ten einde u verantwoordelikheid te kan uitoefen, wys ons u op ons belydenis in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hierin verwoord ons – vanuit die Skrif – die drie kenmerke waarvolgens ons enige Christelike gemeenskap kan beoordeel ten einde te bepaal of dit 'n ware kerk is al dan nie.
- Wanneer u bepaal by watter Christelike gemeenskap u wil inskakel, kan u hierdie *voorstellingsbrief* gebruik om u bekend te stel.
- Indien die situasie egter sodanig is dat u van mening is dat u nie met verantwoording teenoor die Here by enige Christelike gemeenskap kan inskakel nie, moet u asseblief binne drie maande, met ander woorde voor _____, kontak opneem met hierdie Kerkraad. Sodoende kan alternatiewe reëlings getref word om u bediening en versorging voort te sit.
- As kontakpunt vir die Kerkraad geld:
 - Naam: _____
 - Posadres: _____

 - E-posadres: _____
- In die tydperk totdat u gevestig raak, is u welkom om te eniger tyd ook met bostaande persoon kontak te maak om u by te staan.

20.6 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORDWES OOR GEOGRAFIESE INDELINGS VAN KLASSISSE IN DIE RESSORT VAN DIE GKSA, SINODE MIDDELLANDE EN SINODE SOUTPANSBERG (Artt.8, 107, 185)

- A. Dr. SJ van der Walt stel die Beskrywingspunt.
- B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Ekumenisiteit en Owerheid.
- C. Ds. P Venter rapporteer namens die Kommissie : Ekumenisiteit en Owerheid.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Nasionale Sinode word versoek

1. om die geografiese indelingsbeginsel vir Klassisse volgens KO, art.41 waar die behoefte bestaan so spoedig moontlik tot sy volle konsekwensies in werking te stel.
2. om Deputate aan te wys om alle betrokke Part. Sinodes en Klassisse behulpsaam te wees met die uitvoering van (1) hierbo na oorleg met Sinodes Middellande en Soutpansberg.

Motivering

- (a) Die eenheid in Christus behoort 'n groter sigbare gestaltegewing te verkry, ook in meerdere vergaderings.
- (b) Uit gesprekke tussen verteenwoordigers van Klassisse in Part. Sinode Noordwes het dit geblyk dat daar 'n behoefte vir 'n geografiese samekoms van Klassisse bestaan, asook 'n behoefte om in kultuurverband te vergader.
- (c) Dit is noodsaaklik dat daar daadwerklik gevorder moet word sodat kerke geografies kan vergader om o.a 'n gesamentlike getuienis teenoor alle owerheidsvlakke te lewer.

Besluit:

Dat aan die Beskrywingspunt gevolg gegee word.